OVERKRUINER

ng overkruin
aanbid... gee om... bring hoop...

# GROOT LYDENSWEEK: 29 Maart - 2 April

**My belewenis - Daleen Engelbrecht**

Dankie Here dat U ons twee leraars gebruik het om op hierdie besonderse wyse die boodskap van Paasfees aan ons gemeentefamilie oor te dra.

Jesus se nederige intog in Jerusalem is opmerklik. Jesus ween oor sy mense wat nog nie die paradigmaskuif kon maak maar vashou aan die wette. DIE ALMAG VAN GOD KAN NIE BEPERK WORD NIE.

Ons "staan" voor die voorhangsel, ingerig volgens God se instruksies. Die skeiding tussen die mens en die Allerheiligste is te weeg gebring a.g.v. ons sonde. Ons wag op God. DIT IS WAAR DIE EVANGELIE BEGIN. Staan jy steeds voor die digte voorhangsel?

Wat beleef jy as jy na die kruis opkyk? Skaamte, vrees, skuld, dankbaarheid? Die skeiding vind reeds plaas tydens die sondeval wanneer God se skepsels sy een opdrag oortree en hul vir Hom wegkruip. DIT IS DIE LAASTE DIREKTE KOMMUNIKASIE TUSSEN GOD EN MENS.

Tog het God reeds 'n oplossing - Hy sal mens word. Die voorhangsel word vervang deur 'n kruis. KYK....agter die kruis skyn 'n lig - die versinnebeelding van Vrede, Liefde en Genade.

Wat is 'n groter liefdesgebaar as wanneer iemand vir jou intree? Die reinigingsrite van ouds verskaf nie finaliteit nie. Christus die Volmaakte in die teenwoordigheid van ons Almagtige God tree vir ons in. DIT IS DIE HART VAN DIE EVANGELIE. In afwagting leef ons nou - nie 'n leë wag tyd nie - WANNEER DIE ONSIGBARE SIGBAAR WORD.

Ons "bevind" onsself saam met Jesus aan die feestafel.

Wat beleef ek wanneer Jesus sy dissipels meedeel dat Hy moet sterf? JESUS BESEËL DIE NUWE VERBOND MET SY BLOED. Met eerbied en stukkende harte gebruik ons die tekens en in gewyde stilte keer ek my tot God die Vader met my vrae, seer, laste. Wie sal dit beter verstaan?

DIE LIG VAN DIE WÊRELD HANG AAN N KRUIS. Glo ek Jesus het ook my sonde op Hom kom neem? In ootmoed tree ons in gesprek met God.

Tydens die kruisiging dui die drie ure duisternis op God wat treur oor sy skepping. Jesus se uitroep in nie alleenlik van pyn nie maar totale verlatenheid; iets wat ek nooit sal ken nie. Jesus se laaste asem is volle oorgawe. Dit is volbring!

Die skeur van die voorhangsel IS DIE SKEIDINGSMOMENT.

Bevind jy jou steeds voor die voorhangsel? In ootmoedigheid stap ons voor die kruis verby en terwyl die woorde "My God, My God waarom het U my verlaat" steeds ons harte skeur voel ons om n rukkie te vertoef, die kruis aan te raak. "Dankie Jesus".

'n Dag waarop ons fees vier volg - Jesus leef! Die ewige dood is oorwin. Lofliedere weerklink deur die kerkgebou.

Kom ons lewe nou in oorgawe anderkant die voorhangsel deur n persoonlike geloofsverhouding met God te hê. Ons is verenig in 'n gemeentefamilie van God en deel in sy Vrede, Liefde en Genade. Ons glo, nie omdat ons die hel vrees nie ons wil dien soos U dien. Dankie Almagtige Vader dat U my verander.



# Paasete: 2 April

Aan die vooraand van Goeie Vrydag het ongeveer 60 mense aangesit om 'n ete te nuttig wat ons herinner aan die laaste ete wat Jesus saam met sy dissipels geniet het voor sy kruisiging en ook verder terug na die kos wat die Israeliete genuttig het voor hulle uit Egipte is.

Soos gewoonlik het ons voorslagdames gesorg dat ons kon smul aan heerlike kos. Die ete het bestaan uit hoender, 'n kruie-slaai, lensieslaai, eiers en brood. Die kos is gekies om spesifieke aspekte van die paastyd te verteenwoordig. Die hoender het die opofferings wat gemaak is tydens die 40 dae voor paasfees verteenwoordig, die kruie die swaarkry wat die Israeliete ervaar het tydens die tyd van slawerny in Egipte en die eiers die opstanding en nuwe lewe. Verder het die lensies die hartseer oor die vernietiging van die tempel asook hoop vir verlossing, wedergeboorte en vernuwing van seisoen verteenwoordig terwyl die brood ons herinner het aan Jesus as "Brood van die Lewe".

Ons was gelukkig om ons nuwe stoof in te wy met die voorbereiding van die hoender wat die aand genuttig is en almal kan getuig dat dit heerlik was. Daar is lekker geëet en gekuier die aand en elkeen is huis toe met 'n hart wat oorloop van dankbaarheid vir die lyding wat Jesus ervaar het sodat ons kan weet dat ons sondes vergewe is deur Hom.

Dankie aan elkeen wat die ete bygewoon het, die dames (en mans) wat gehelp het met die voorbereiding van die kos, die opdien en ook opruim na die ete. Sonder julle sou die ete nie 'n sukses gewees het nie.

# Wêreldbiddag vir Mans

Die 96ste. Wêreldbiddag vir Mans is op 7 Maart by NG Montana aangebied deur NG Magalieskruin, met dr. Roelof Botha as gasspreker. Nigerië was hierdie jaar verantwoordelik vir die tema, naamlik uit Matt. 11:28-30: "Kom na My toe en Ek sal julle rus gee."

Dr. Botha het beklemtoon dat mans die verantwoordelikheid dra om 'n kultuur van veiligheid en sekuriteit te skep. 'n Klimaat van angstigheid en depressie in gesinne, kom tans tien keer meer voor as in die verlede. As man, moet jy jou geliefdes se belangrikste vier emosionele behoeftes vervul en in stand hou. Dit is lewensekuriteit, erkenning, aanvaarding en onvoorwaardelike liefde. Sagte woorde en genade in die slegste omstandighede van konflik, laat woede bedaar. Wees bedag op jou geliefdes se toenaderingstekens. Dit is gewoonlik 'n noodkreet vir begripvolle ontlading en verligting van spanningsvlakke; reageer daarop.

NG Montana en NG Magalieskruin verdien ons dank vir hul gasvryheid waaraan 'n mooi opkoms van mans deel kon gehad het.



**Links**: Dr. Roelof Botha (middel) saam met di. Bennie Powell (links) en Louis Lemmer

LITHIUM BATTERY
BRANDBLUSSER

F B
FLAMEBLOCK

**FLAMEBLOCK**
Gemaak vir Lithium brande
Beskikbaar in 2L, 6L, 9L
Ander groottes op aanvraag
Aanvaar deur versekeringsmaatskappye en komplekse.



**Maak jou huis 'n veiliger plek**

**KONTAK ONS**
**012 004 0173**
**info@safesun.co.za**
**https://www.safesun.co.za**

# Die Uitreikwinkel



NG Overkruin het dit reggekry om 'n permanente Tweede Kans-boetiek op die perseel in te rig. Op 2 Maart was die span flukse dames klaar met die inrig van die lokaal. Die klerasie wat beskikbaar is, is ordelik gehang.

Die voorraad word gereeld aangevul deur klereskenkings. In die verlede het dié skenkings tydens elke Garageverkoping 'n afdeling van die uitstallings gevorm. Die inkomste uit die verkopings word aangewend vir aankope van noodsaaklikhede wat by die uitreikaksies en noodgevalle benodig word.

**Regs**: v.l.n.r.: Rika van Niekerk, Evelyn Engelbrecht, Marie Snyman, Margariet Goldschagg, Ryke Jonker en Sanet Coetzee.

# Die gemeenteraad: Beplanningsgeleentheid



**Voor:** Danie Kolver, Andrew Mtweni, Orna van der Merwe, ds. Heinrich Stapelberg, Fienie van Heerden, Megan Hendry en Louise van den Heever. **Middel**: Rudi van Heerden, Buks Jordaan, Margariet Goldschagg, ds. Willie Rothmann, Gideon Brits, Deon Pagel en Dries Kunz. **Agter**: Craig Green, Retief Hitchcock, Philip Botha en Faan van Wyk.




Lize Bothma
Begrafnisdienste
083 244 1653 (Alle ure)

# Musiekkonsert

Dit was 'n voorreg vir die gehoor om die luisterryke musiekkonsert, wat deur Gideon Brits geïnisieer is, op Sondagmiddag 22 Maart by te woon. Agt musici met orrel, klavier, viool en tjello en tenoor- en sopraansang, het vir 'n program met veertien items gesorg.

Gideon slaag daarin om elke keer puik talent te nooi en gewilde items aan te bied wat deur 'n waarderende gehoor geniet word.  Die volgende musikante het opgetree: Marieta van der Walt (sopraan); Martin Bruwer (tenoor); Kobus Groenewald (klavier); James Manning (tjello); Karabo Siwela (viool); Jaco Vermaak (klavier en orrel); Jan van Zyl (klavier) en Gideon Brits (orrel en programkoördinering).



Gideon verdien 'n groot dankie. 'n Sondagmiddag kan nie op 'n meer genotvolle wyse bestee word nie.

**Regs**: Marieta van der Walt lewer haar weergawe van Die Fliedermaus deur Johan Strauss.

# Jnr. GLO-kamp

Orna van der Merwe

Kinders wat lag en speel was aan die orde van die dag by die Jnr. GLO- kamp op 18 April by die kerk. So tussen die pret en plesier, het ons gesels oor wat dit beteken om kerk te wees. Met verskeie stories, is verduidelik hoe elkeen van ons deel is van die liggaam van Christus en wat elkeen se werk is. Die kinders het heerlik saamgesels oor waar hulle hulself in die kerk sien. Moeë maar gelukkige kinders is huis toe met 'n beter verstaan van die belangrik-heid om deel te wees van 'n kerk.  Ons doen dit beslis weer volgende jaar!



**Links**: Hard aan die werk in ons boekies sodat ons kan onthou waaroor kerkwees gaan.



**Bo**: Wat is dan nou lekkerder as om saam te speel?

# Liturgiese ruimte

Tonie Viljoen

Alreeds 'n tyd gelede, maar veral tydens die bou van die verhoog met die preekstoel as sentrale punt, is na hierdie gedeelte van die kerkgebou se binneruimte  as die liturgiese ruimte verwys. Is dié benaming korrek? Die antwoord lê in wat met liturgie bedoel word. Alles wat in die erediens gedoen word om die Here te dien en te verheerlik,  is in beginsel liturgie. Die leraar neem weliswaar die leiding in die liturgie, maar wat van die gemeente? In oom Deon Marais se tyd as jeugleier, het die jongmense na die agterste deel van die kerkgebou verwys as die paviljoen. Is lidmate slegs passiewe bywoners van die erediens of kom hulle saam met medegelowiges om te aanbid?

In Overkruin kom die gemeente saam om die Here te loof met sang en orrelbegeleiding. Tydens die verskillende gebede is lidmate intens betrokke by die inhoud daarvan. By geleentheid word die gemeente gevra om daar waar hulle sit, self te bid vir diegene wie se name op die Aankondigingsblad  verskyn en 'n behoefte aan voorbidding het. Tydens die voorlesing en die boodskap wat hieruit volg, luister die aanwesiges met aandag deur te weeg, te oordink en as sielevoedsel in te neem. Soms bely die gemeente hardop waarin hulle glo. Met die viering van Nagmaal, nuttig die gemeente brood en wyn in die banke.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die gemeente van Overkruin aktief aan die liturgie deelneem. Die hele binneruimte van die kerkgebou dien dus as liturgiese ruimte.

# Bediening vir Seniorvolwassenes

'n Leersame geleentheid is op 14 Maart aangebied. Die onderwerp was: *Belê vroeg en wees finansieel veilig*. Henco van der Berg van Absa se Kolonnade-tak en Maureen de Klerk van die afdeling Ernstige en Gewelddadige Kriminele Ondersoeke van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), was die aanbieders. Negentien belangstellendes het die geleentheid bygewoon.

Henco het die spektrum van beskikbare beleggingsmoontlikhede uiteengesit. Die wenk is om jou beleggings gereeld te hersien en die beste rentekoerse te beding.

Moreen het onder andere, met video's as hulpmiddels, gewys hoe kriminele slinkse planne aanwend om die publiek met groot somme kontant te beroof of te bedrieg. Wanneer jy met enige geldsake handel, is uiterste bedagsaamheid en fokus van kardinale belang. Moenie die storie glo as iemand jou skakel en beweer hy of sy skakel uit die bank se bedrogafdeling nie. **NB: Die bank sal jou nooit skakel nie. Sluit die oproep onmiddellik af.**



**Bo**: Retief Hitchcock saam met Maureen de Klerk en Henco van der Berg by die Seniorvolwassnebediening se voorligting.

# Die Kuierhoekie besoek Jasmyn Plaas-produkte

Francien Smuts

Op 20 Maart het 41 persone Jasmyn Plaas-produkte in Hartbeespoort besoek. Dit is die bekende landmerk met sy windmeul.

Die besoekers het hulle verlustig in die winkel se reuse verskeidenheid produkte – onder meer plaasprodukte uit die omgewing. Die kwekery en die boekwinkel het ook belangstelling gelok. Daarna, die kuier by een van die eetplekke.

Antoinette Lourens en Elsa Weber het die versnaperingspakkies vir die busrit geskenk. Geldelike bydraes is ook ontvang om die koste van die busvervoer aan te vul. Dankie aan die gewers! Ook aan Fienie van Heerden en Retief Hitchcock wat die reëlings getref het.




Ouer mense kan gewoonlik nie meer met veiligheid op uitstappies gaan nie. Die Kuierhoekie lewer dus 'n uiters waardevolle diens.





# Goeie Vrydag

Op Goeie Vrydag neem gemeentelede 'n oomblik van verposing by die kruise op die liturgiese ruimte.



# Opstandingsondag

Dit is Opstandingsondag op 5 April en die stelinkleding by die kruise spreek van vreugde en blydskap, die somberheid is verby.



# Nagmaaldiens

By 'n historiese geleenheid met die Nagmaaldiens op 15 Maart het beide di. Willie Rothmann en Heinrich Stapeberg opgetree en spreek hiermee saam die seën oor die gemeente uit.








# Ter Nagedagtenis

**Estelle Wolfaardt**
09.05.1931-28.10.2025

**Dawie Fourie**
03.12.1944-04.03.2026

**Harm Fourie**
06.08.1938-01.04.2026



**Bo: Marie Vorster**
25.02.1945-27.11.2025



**Bo: Jean Entres**
01.09.1940-12.01.2026



**Bo: Dorothea de Villiers**
14.04.1935-27.01.2026



**Bo: Chrissie van Tonder**
07.07.1938-21.02.2026



**Bo: Ria Welthagen**
22.01.1938-03.02.2025



**Links: Fancé Conradie**
27.071981-14.04.2026



**Bo: Henry Holder**
28.08.1954-09.02.2026



**Bo: Mari de Beer**
23.01.1947-17.04.2026



**Links: Sarel Jansen**
28.09.1989-16.04.2026

# Mini-Garageverkoping

Die opdrag van die gemeenteraad was duidelik: daar moet meer gereeld mini-garagverkopings gehou word om sodoende ‘n meer konstante inkomste te genereer.

Tydens ‘n vergadering is eenparig besluit om van 30 April tot 2 Mei met die eerste proefneming met die verkoping te begin.

Daar was by ons eerstens die doel om fondse te genereer en daarmee saam ook om van die groter buite-items ontslae te raak. Ons het nog nie ons finale syfers vir ons inkomste nie maar het wel geslaag daarin om etlike groter items te verkoop.

Ek wil hier net dankie sê vir ‘n wonderlike groep mense wat kom help het.



Sedert 2018




- Akademiese georiënteerde naskool
- Voordelige leer omgewing vir Grade R-7
- Christelike beginsels
- Veilige omgewing met toegangsbeheer
- Lae personeel/leerling verhouding
- Toepaslike vakgerigte leiding met huiswerk, toetse en eksamens
- Vakgerigte akademiese opsommings
- Stap afstand vanaf Laerskool Wonderboom
- Ligte middagetes
- Vervoer na en van aktiwiteite

Kontak: Mindé de Wet (082 897 3389)
Yvette Meintjies (083 791 7888)

Wees gelukkig, leer met pret - Slegs by Tekkies Wonderboom

Epos: tekkiesnaskoolwb@gmail.com